# EWIGE WAARHEID

## KLEIN *groot* VRAE

# MAG EK VARKVLEIS EET?




Onthou: God stel Hom as die VERLOSSER voor VOOR Hy die Tien Gebooie gee: "Ek is die HERE jou God, wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het." (Eksodus 20:2) Hy is EERS Verlosser, DAN Wetgewer.

**Onthou: Sonder Verlossing is wetgehoorsaamheid 'n sinlose foefie.**




*Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie.*




*Daarom: "Gaan van hulle af weg en sonder julle af," sê die Here, "en moenie wat onrein is, aanraak nie. Dan sal ek julle aanneem."* (2 Korintiërs 6:17)

*Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons. Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy."* (2 Korintiërs 7:1)




Die goed wat in die Ou Testament *onrein* genoem word (Hebreeus *tame*) en in die Nuwe Testament *akathartos* (Grieks) is die teenoorgestelde van die goed wat *rein, suiwer en heilig* genoem word. Onreinheid het mens verbied om by die Tempel te gaan bid. Die klem val nie op vuilis nie, maar op God se definisie van wat suiwer is.

Die woorde *rein* en *onrein* verwys na diere. God het dié kategorieë gebruik om te wys watter diere Hy as offerandes wil behou en watter geëet kon word.

*Diere en voedsel is ook in* rein *en* onrein *verdeel. Wat rein was, kon geëet word, wat onrein was, was verbode. Net rein diere kon aan God geoffer word.*
Zondervan Expository Dictionary of Bible Words, 1991, p 169



Wanneer dit by die eet van onrein vleis kom, probeer baie Christene 'breintwis' vermy, omdat dit so ongemaklik is. Met ander woorde, hulle sluit hulle oë wanneer hulle leefwyse bots met dit wat die kerk hulle leer! Dis *moeilik* om mens se leefwyse te verander; dis *baie makliker* om te maak asof wat jy geleer word, iets anders beteken. So ontwikkel mens *verdedigingsmeganismes* wat jou help om die feite te verdraai. Leer die kerk jou iets wat nie strook met jou voorkeure nie, maak jy dit af as onbetroubaar, bevooroordeeld of on-Bybels.

**Tog kan breintwis jou ook help om jou gedrag en oortuigings ten goede te verander. Vir 'n denkende persoon kan dié veranderings voordelig wees, byvoorbeeld deur jou te help om van ongesonde oortuigings of skadelike gewoontes af te sien.**



Deur Regverdiging (wedergeboorte) laat God ons na sy woord luister - sy klinkklare rigsnoer vir ons lewe! Wanneer ek dus van 'n *rein en gesonde liggaam* praat, praat ek van 'n belangrike deel van om 'n Geheiligde lewe te lei.

Die Bybel verbied ons om die vleis van bepaalde diere te eet. Dié wette verskyn in Levitikus en Deuteronomium. 'n Voorbeeld: Varkvleis word as onrein verklaar in die *Septuagent*, wat die Griekse vertaling van die Ou Testament is.

- Soos ek verduidelik het, is hierdie vleis *akathartos* (onrein). God weet dat wat ons eet, saak maak, nes Hy sy mense beveel om heilig, afgesonder van die wêreld en getrou aan Hom te wees.

Die opdrag om heilig te wees, sluit heilsaamheid in. Dit blyk uit Lev. 11:44: *Want Ek is die HERE, julle God. Julle moet julleself heilig hou. Wees heilig, want Ek is heilig.* Dit word vir Christene herhaal in 1 Petrus 1:15-16: *Inteendeel, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle in julle hele lewenswandel heilig wees. Daarom staan daar geskryf: "Wees heilig, want Ek is heilig".* God sê in Eksodus 15:26 aan Israel: *As jy noukeurig luister na die stem van die HERE jou God, doen wat reg is in sy oë, aandag gee aan sy gebooie en al sy vaste voorskrifte nakom, dan sal Ek nie een van die siektes wat Ek op die Egiptenare gelaai het, oor jou bring nie; want ek is die HERE wat jou gesond maak.*

- Wetenskaplike navorsing toon dat die Egiptenare se leef- en eetgewoontes siektes meegebring het.

**Tog reken baie mense deesdae dat God se voedselwette nie meer saak maak nie. Hulle haal Bybelverse aan wat dié siening oënskynlik staaf. Ek noem drie:**

#1 In Markus 7 sê Jesus dat niks buite 'n mens hom kan verontreinig deur in hom in te gaan nie.

#2 In Romeine 14 sê Paulus dat niks onrein is nie.

#3 In Handelinge 10 ontvang Petrus 'n visioen waarin hy uitdruklik beveel word om onrein diere ooreenkomstig hierdie verse te eet.

Sovele mense glo God se voedselwette is afgeskaf en dat ons maar kan eet wat ons wil. *Regtig?!*




Twee woorde in die Nuwe Testament word in die betekenis van **onrein** gebruik. Een ken ons reeds: ***akathartos.*** Dit vertaal as *onrein/onsuiwer* en is op goed soos varkvleis en skulpvis van toepassing, dus goed wat deur God se wet verbied word en wat God sê ons moet vermy ten einde heilig te wees.

Maar daar is nog 'n woord wat soms as **onrein** vertaal word. Dis ***koinos***, wat *algemeen* of *besoedel* beteken. Die Joodse tradisie was dat voedsel besoedel of ***koinos*** word wanneer dit met sekere goed of mense in aanraking kom. Derhalwe het sommige groepe Jode, soos die Fariseërs, in die eerste eeu sowel voedsel wat ***akathartos*** (deur God se wet verbied) as ***koinos*** (besoedel) is, vermy.




Jesus, Petrus en Paulus het nie gesê ons hoef God se voedselwette nie te gehoorsaam nie. Hulle het gesê dis nie nodig om buite-Bybelse gebruike oor voedsel te volg nie. Kyk bietjie na Markus 7. In dié hoofstuk neem die Fariseërs Jesus se dissipels kwalik omdat hulle 'n ou tradisie verwerp: "Waarom tree u dissipels nie op in ooreenstemming met die tradisie van die voorouers nie, maar eet hulle brood met onrein (*koinos*) hande?" (Markus 7:5)

- Weens hulle tradisies het die Fariseërs geglo om met *koinos* hande aan kos te raak, die kos *koinos*, maak, wat die persoon wat dit eet dan *koinos* maak.



Die waarheid is dat Jesus die Fariseërs daarvan beskuldig dat hulle God se Gebooie *ter wille van hulle tradisies* verwerp.

Dit sou immers onsinnig wees vir Jesus om die Fariseërs te kritiseer vir iets wat Hy self doen!

- **Jesus verwerp God se voedselwette dus geensins in Markus 7 nie. Wat Hy verwerp, is *die tradisie dat 'n persoon besoedel raak* indien hy kos eet wat deur besoedelde hande aangeraak is.**

Nou wat dan van Romeine 14:14? *Ek weet – ja, ek is in die Here Jesus daarvan oortuig – dat niks vanself onrein is nie.* Iets is onrein (*koinos*) wanneer mens *dink* dit is. Weer eens is die woord wat hier as *onrein* vertaal word, nie *akathartos* nie. Paulus praat nie van vleis wat deur God se wet verbied word nie, maar eerder van skoon vleis wat op die Roomse mark verkoop is. Sommige Joodse gelowiges het geweier om dié vleis te eet, omdat hulle gedink het dis besoedel of *koinos*.

- Hoekom het hulle gedink dis besoedel? Omdat dit deur nie-Jode gehanteer is.


Lams- of skaapvleis is rein

## *Koinos* kan nie as onrein vertaal word nie.

Nogtans moet ons onthou dat Jesus hierdie tradisie verwerp het! Hy het gesê *koinos* hande kan voedsel of die persoon wat dit eet, *nie besoedel nie*.

Paulus verwerp dié tradisie eweneens. Hy sê niks is *koinos* nie. Hy wil hê Jode en nie-Jode moet saam verkeer, al verskil hy met sommige Jode oor hulle tradisies. Diegene wat met Jesus se lering oor *koinos* saamstem, noem hy *sterk*, ten einde diegene wat hy *swak* noem ter wille van eenheid tegemoet te kom.

- Hy sê die sterkes moet vleis wat in die nie-Joodse mark gekoop is, vermy voor mense wat glo dit is *koinos*, al is daar eintlik nie so 'n ding soos voedsel wat *koinos* is nie.

Wat betref voedsel wat *akathartos* (onrein) is, is ons onderhewig aan die wet en mag ons dit wat *koinos* (besoedel) is, nie verontagsaam nie. Let asseblief op die verskil tussen *besoedel* en *onrein*! In Paulus se tyd was daar gelowiges wat 'n swak gehad het vir dié tradisie van *koinos*. Paulus sê nie die Bybelse voedselwette is opsioneel of nie ter sake nie; hy sê dis die geval met die buite-Bybelse tradisies. Hy moedig sy lesers aan om by dié tradisies te hou wanneer hulle in geselskap met die swakkes is. Paulus het dié opdrag gegee omdat hy eenheid tussen die Jode en die nie-Jode verlang het.

**Kom ek stel dit eenvoudig!** Moenie toelaat dat enige vorm van arrogansie met jou belydenis inmeng nie. As jy in staat is om op 'n sekere manier op te tree en jy weet dis nie verkeerd nie en dat jy nie daaroor veroordeel sal word nie, moet jy jou nie opsetlik só gedra dat jy 'n ewenaaste, wat dalk anders as jy oor sake voel, verwar nie.




**Nou wat dan van Handelinge 10?** In daardie hoofstuk word Petrus 'n linnedoek vol diere gewys, terwyl 'n stem hom aansê om te slag en te eet. Petrus antwoord: *Onder geen omstandighede nie, Here! Want ek het nog nooit iets wat besoedel (koinos) of onrein (akathartos) is, geëet nie.*

- Sowel *koinos* as *akathartos* word hier gebruik, dus lyk dit asof God Petrus sê om diere wat *akathartos* is, te eet.

Beteken dit nou dit kan God nie skeel as ons onrein diere eet nie? Kom ons kyk bietjie fyner. Eintlik beveel God Petrus deur die linnedoek glad nie om onrein diere te eet nie, want nêrens in die Skrif maak God onrein (*akathartos*) diere rein nie. Wat Hy aan Petrus sê, is om *koinos* vleis te eet. Vers 15 lui: *Wat God rein gemaak het, mag jy nie as onrein beskou nie.*

Sien, Petrus het gedink hy mag nie die rein diere op die doek eet nie, omdat hulle saam met onrein diere was. Hy het gedink dit het die rein diere *koinos* of besoedel gemaak, maar dit was nie die geval nie. God het hom verseker dié diere was rein, al was hulle omring deur onrein (*akathartos*) diere.

- Maar wat regtig saak maak van hierdie visioen, is dat dit *hoegenaamd nie* oor diere gegaan het nie, soos ons hieronder sal sien.

### Hierdie visioen het met *mense* te doen!

God wou hê Petrus moet ophou om te dink omgang met nie-Jode sou hom besoedel. Die visioen wys Petrus dat die sosiale verdeling van Jode en nie-Jode geheel en al mensgemaak is. Soos Petrus dit stel: *God het egter aan my getoon dat ek geen mens as besoedel (koinos) of onrein (akathartos) mag beskou nie.* (Handelinge 10:28)

- Petrus se visioen het niks uit te waai gehad met die skrap van God se voedselwette nie. Die doel was om die aanvaarding van nie-Jode as *volwaardige* lede van God se koninkryk, pleks van onreine, tweederangse burgers, aan te moedig.

## MAAK DIT DAN SAAK WAT ONS EET?




Twee volle hoofstukke in die Ou Testament word gewy aan wat ons mag en nie mag eet nie. Die tekste in die Nuwe Testament wat dit skynbaar weerspreek, doen dit geensins.

- Die Woord betoog teen buite-Bybelse tradisies wat onnodige verdeling tussen Jood en nie-Jood veroorsaak.






Ja, suster, dit was 'n tameletjie! Die Skrif het getoon mens hoef nie Joods te wees om 'n Christen te wees nie. Omdat ons deur die genade verlos is, is ons verbind aan die Liefdeswet, wat eenvoudig beteken ons gehoorsaam God met 'n gewillige en suiwer hart. Ons mag ons nie arrogant teenoor ons Joodse ewenaastes gedra nie, nie binne of buite die kerk nie.

**Maar:** Gehoorsaamheid aan God is die *gevolg* van ons Verlossing en kan nooit 'n *voorvereiste* wees nie.

- En kom ons onthou daar is dele van Moses se Wet wat universeel geld, dus vir *alle* mense op die aarde. Dit sluit in *akathartos* en *koinos*, asook wette oor bestialiteit, bloedskande, ensovoorts.



Sodra die nie-Jood wedergebore was, moes hy vanselfsprekend God se wil doen deur gehoorsaam te wees aan daardie gebooie wat universeel, voor-Mosaïes en nie bloot seremonieel was nie, soos die Sabat (Genesis 2:1–3) en handhawing van die reëls oor rein en onrein voedsel (Genesis 7:2).

- Maar wees nou versigtig: Die feit dat jy verlos (wedergebore) is, verander die wet geensins! (Matteus 5:17-18)

***Wat U behaag, my God, wil ek graag doen: u wet is in my binneste.*** Psalm 40:8

**Varkvleis word in die Bybel *onrein* genoem.** Varke val in dieselfde dierkundige groep as molle, muise, akkedisse, vlermuise en katvisse. Sal jy dié diere eet? God sou *onrein voedsel* nie verbied het as dit nie op die een of ander wyse skadelik is vir ons nie.

### Onrein voedsel is presies dit, ONREIN, en dit verander nie in die Nuwe Testament nie!

Daar word dikwels beweer dat die Levitiese voedselwette (Levitikus 11), wat nie in Handelinge 15 voorkom nie, Christene nie meer bind nie. Maar in die konteks van Levitikus beteken dié verbod die verwerping van die heidendom. Elke buitelander wat in Israel wou woon, moes afsien van die heidense gebruike waaraan hy of sy gewoond was (Levitikus 18:30).

- Insgelyks moes enige nie-Jood wat lid van die kerk wou word, die heidendom verwerp.

Die kwessie word dus al hier in die beginjare van die Chistendom bygelê, vir tyd en ewigheid: Ons word deur genade gered, deur geloof in Jesus Christus, nie deur by die wet te hou nie. Sulke gehoorsaamheid spruit slegs uit ware geloof, nadat die kwessie van verlossing afgehandel is.

### Kan dit duideliker blyk as uit die vyf punte wat ek hieronder aanstip?

Suster, let net eers op voor ons verder gaan. Ek verstaan jou aanspraak op verlossing en ek juig halleluja, maar tog verwys ek jou na 2 Korinthiërs 7:1, 'n sleutelaspek van jou verlossing: *Aangesien ons hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons reinig van alle besoedeling van liggaam en gees, terwyl ons met ontsag vir God ons heiligheid verwesenlik.* In dié vers spoor Paulus Christene aan om hulle te reinig van enigiets wat hulle liggaam of gees besoedel. Hy moedig hulle aan om dit uit liefde vir God te doen en om volledige heiligheid na te streef.

***Die Vyf Sleutelaspekte:***

1. **Vir 'n skoon en gesonde liggaam, moet ek skoon kos eet.**
2. **Ek moet sterk gevoelens van opstandigheid beheer.**
3. **Ek moet ontvanklik wees vir goeie Bybelse lering.**
4. **Ek moet volhard met bid en vir leiding vra.**
5. **Dan sal ek vrede geniet deur nederigheid voor God.**




## *Dus, die titel weer: Maak dit saak wat ons eet?*

Ja – God het net sekere diere vir ons as voedsel geskep. Baie ander (soos vark of oesters) was nooit as menslike voedsel bedoel nie.






TRAKTAAT © GEORGE ROSS

Dié traktaat is deur leraar Pieter Gey van Pittius van die Noordelike Konferensie, Suid-Afrika, aangevra en geredigeer.

Teks en traktaatkonsep deur George Ross.

*Kontakte:*
**Leraar Pieter: +27 78 094 3995**
**Webvel: www.bibletrakts.com.**